
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*„Elkeen op sy plek by die stembus," sê die party-politiek.*




*„Elkeen op sy plek in die volkslewe," sê die Ossewa-brandwag.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 9 DESEMBER 1942. No. 5.

# „Ossewabrandwag-Gedagte is Dié Van Die Menslike Liggaam" — Ds. Stander

**„Die Ossewabrandwag-gedagte is dié van die menslike liggaam, in kort gesê. Die liggaam is 'n geheel wat tegelyk bestaan uit verskillende lede, en waar dit geld een vir almal en almal vir een. Dit is dus 'n organiese geheel en is nie kunsmatig saamgestel nie," het ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, op 21 November te Ermelo in 'n toespraak verklaar.**

Met betrekking tot die Ossewabrandwag se beleidsverklarings het ds. Stander na die beskuldiging verwys dat die Ossewabrandwag die party se republikeinse konsep-grondwet gesteel het, en gesê dat dit tog baie wonderlik is dat ons aan die een kant verwyt word dat ons die party se beleid gesteel het, en aan die ander kant dat ons 'n vreemde stelsel verkondig!

Die Ossewabrandwaggedagte verskil van die imperialistiese en partygedagte daarin dat laasgenoemde dié van samevoeging terwille van **uitwendige** en **toevallige** belange op ekonomiese, politieke en geestelike gebied is.

Die O.B.-gedagte, as synde **die organiese, die huisgesin- en die nasie-gedagte** het sy **oorsprong** in **skepping**, in geboorte en so **in God** en ons het alle reg om dit as die goddelike gedagte te beskryf terwyl **die ander** as **menslike** in teenstelling met die goddelike bestempel mag word.

Die ander gedagte, die **imperialistiese** as ook die **meganiese** of **liberalistiese** het sy **oorsprong uit die verdorwe natuur van die mens** wat onder invloed van die Bose staan en is tot uiteindelike ondergang gedoem.

Dit behoort vir ons **'n besieling en aanmoediging** te wees om te dink dat ons op suiwere, goeie en **God goedgekeurde grondslag staan.** Ons behoort met vrymoedigheid daarvoor desnoods **martelaar** te word. Geen wonder dan ook dat baie van ons vriende met vrymoedigheid sonder 'n slegte gewete in opsluiting sit of onder beperking verkeer, en dit is ook die rede waarom ander offers soos geld, tyd, kragte, verduring van belastering en beskindering, as ook verdenking deur die hof moedig gedoog en gedra word. Diegene sonder sulke oortuiging en grond onder die voete sou lankal teruggedeins het en hulle op die reserwelys laat plaas of geheel en al gewyk het. **Slegs mense van O.B.-oortuigings en met die O.B.-gedagte kon staande bly onder sulke kruis- en trommelvuur van gas- en liegbomme as wat die Beweging moes verduur.**

## TOEPASSING VAN DIE O.B.-GEDAGTE

Die toepassing van die O.B.-gedagte — die organiese of nasiesamewerking, die Goddelik verordende samewerking is so natuurlik dat dit amper geen toeligting nodig het nie. Ons weet almal hoe waar die Bybelse gedagte is dat as een lid ly almal dan saam ly en as een lekker kry almal dan saam geniet. Ons weet hoe die lede in 'n liggaam feitlik outomaties saamwerk — mekaar beskerm teen die uiterlik aanvallende of dreigende, mekaar steun in die ondernemings: die oog sien, die hart voel, die voet wandel, die hand kom in beweging; **daar is geen rusie omdat die oog nie voel soos die hart of wandel soos die voet of handel soos die hand nie, maar dit is 'n aanvulling van mekaar en so natuurlik dat daar geen onderlinge bedenking of verwyt bestaan nie. Dit is waarlik: „Een vir almal en almal vir een."**

So is dit in die menslike liggaam — geeneen lit sal die ander ooit in die steek laat of selfsugtig alleen aan homself dink nie, maar almal sal saamsterf in die een se dood. So is dit ook by die bou van 'n huis: Argitek, boumeester, messelaar, verwer, skrynwerker tot die kleitrapper werk saam en trek die gebou op. **So moet dit wees in die huisgesin en so in die volkslewe. So moes dit gewees het tussen die volkere van die wêreld na die raad en welbehae van God.**

## SAL OPTREE

**So wil die O.B. die masjinerie sien werk en so sal hy hom laat werk as God hom die kans gee.** Die sonde het egter ingekom en hierdie ideale gang versteur. Die sonde van selfsug het binne die volksverband partyskap kom verwek en by die indiwidu hebsug en onder die volke imperialisme waaruit voortvloei verdrukking, oorlog, verwoesting en slagting. Waar dit so is sal die O.B.-gedagte as hy sy gang kan gaan en tot verwesenliking kom, dissiplinêr moet optree. Hy sal die gerukte weer inlit trek. Hy sal die versteurende siekte bestry en die oorsaak uit die weg ruim deur opvoeding, teregwysing, aanmoediging, maar waar nodig ook met dwang. **Watter middele ook al die beste sal wees, die O.B. beperk hom tot niks en sal ook vir niks terugdeins om ons volk in die regte verhouding tot God, tot homself onderling en tot ander volke te bring nie.**

Hierom kan die O.B. hom nie aanpas by imperialisme nie — wat hy vir homself begeer en eis gun hy aan andere ook — **maar hierom ook kan hy hom nie inskakel by 'n party nie. Die party het ander oogmerke en metodes, beklad, beskinder, verbrokkel en verderf dikmaals.**

Die O.B.-gedagte is dat almal saamwerk vir elkeen en elkeen vir almal en as dit nasionaal-sosialisme is, dan is nasionaal-sosialisme absoluut Bybels en Christelik en seker nie wat deur 'n verdorwe pers onder liegbeheer wil voorstel nie. In elk geval die O.B. bestry of verdedig nie nasionaal-sosialisme soos elders toegepas nie. Hy laat elke volk met sy eie stelsel begaan, **maar waar 'n vreemde stelsel soos die party-stelsel hier verwoesting saai, daar sal hy hom soos 'n siekte bestry met al sy nasleep.**

## GEVOLGE VAN DIE O.B.-GEDAGTE

Dit sal uitloop op **verwydering** en **skadeloosstelling** van alles wat kan verhinder dat die volk, ons volk, sy **Godbestemde plek** inneem en **doel** bereik.

Dit sal ons volk daartoe bring om **homself** te wees.

Dit sal op die regte samewerking en opbou uitloop — die volk sal een wees en verenig met sy doel van 'n selfstandige volk wat in alles leef en optree ooreenkomstig die wil van God.

Dit sal uitloop op 'n gelukkige volk waarvan elke lid 'n lewende, werkende lid sal wees tot volmaakte bestaan van die geheel en elkeen, en nie die prerogatief van enkele uitverkore beroepslui nie.

Sal ons ons van hierdie waarheid en rigting laat afskrik deur verdagmakery, verdenking, kamp, tronk of teen die muur sit? Ek glo nie, want die bloed van Geus, Hugenoot, Martelaar en Voortrekker vloei in ons are.

O.B.! Voorwaarts, marsjeer tot verwesenliking van hierdie gedagte!

## DIE O.B. TYDENS VAKANSIE

**Met die oog op die kersvakansie sal daar nog net een uitgawe van Die O.B. hierdie jaar verskyn, en wel op 18 in plaas van 16 Desember. Dit sal dan 'n gesamentlike Dingaansdag- en Kersuitgawe wees. Die eerste verskyning daarna is op 6 Januarie 1943.**




# Dr. Malan „In die Bed”

## Al Kans om L.V. te Behou

Soos deur baie verwag is, het dr. Malan dit nie moontlik gevind om die gesamentlike vergadering te Ventersdorp op 9 Desember, waar dr. Van Rensburg ook sou optree, by te woon nie. Sy pers het aangekondig dat hy siek is en dus verhinder is om te gaan.

**Soos ontheu sal word, het kol. Wilkens, L.V., onderneem om uit die Party te bedank indien dr. Malan nie die uitdaging aanvaar nie, behalwe as hy deur siekte of dood verhinder word.**

Op 13 November het hy dr. Malan persoonlik in kennis gestel van die vergadering. **Kort daarna het dr. Malan egter aan adv. Strydom geskryf om sy plek te neem, aangesien hy deur die dokter belet is om vergaderings te hou.** Adv. Strydom verklaar dat hy die brief op 24 November ontvang het, maar onwillig was om namens dr. Malan op te tree.

Twee dae na ontvangs van die brief het die Malan-pers aangekondig dat dr. Malan wel op Ventersdorp sal wees. **Maar op 2 Desember ontvang adv. Strydom, volgens sy eie verklaring, 'n brief van mev. Malan om te sê dat haar eggenoot in die bed is en nie op Ventersdorp sal kan wees nie.**

**Op 3 Desember, dus 'n dag daarna, word dr. Malan en sy eggenote egter in hul motor opgemerk onderweg na Voëlklip.**

Op 9 Desember sou dr. Malan 'n vergadering op Standerton toegespreek het, maar toe Standerton se Nasionaliste van die Ventersdorpse vergadering hoor, het hulle op 30 Nov. bekend gemaak dat hul vergadering afgestel is met die oog op Ventersdorp. Blykbaar sal dr. Malan nou daardie dag op Voëlklip deurbring.

Op 1 Desember het die Transvaler in groot opskrif verkondig dat die **Ossewabrandwag** „skrikkerig vir die vergadering op Ventersdorp” is!

Dit is opvallend dat dr. Malan drie maande gelede ook op die laaste minuut geweier het om die vergadering van die saamwerkkomitee by te woon toe hy verneem het dat dr. Van Rensburg teenwoordig sou wees.

Op 3 Desember het dr. Van Rensburg in die pers aangekondig dat hy sy woord aan genl. Eloff gestand sal doen deur saam met dr. Malan op een verhoog te verskyn.


## SPOORBONDKAS BEPERK sê VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal
**„B”-AANDELE**
**5% kumulatiewe voorkeuraandele**
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.

*Stuur navraagvorm onmiddellik.*

***Navraagvorm.***

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk,
Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,
Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.
Die uwe,

Volle naam ..........................................
..........................................
Adres ..........................................
..........................................


***ONDERSTEUN ONS BLAD***

## KLERE VIR KINDERS: OFFISIERE MOET NAME STUUR

Die vroue-kommando's van die twee Kaapstadse generaalskappe het die afgelope paar maande fluks gewerk aan klerestukkies vir geskenke aan die kinders van geïnterneerdes, en die hele versameling is verlede Donderdag in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou vertoon. Koek is ook by die geleentheid verkoop vir meer as £6.

Die betrokke hoofvrou, hoofkomdte. mev. F. D. du Toit van Zyl, doen 'n beroep op alle kommandante in Kaapland om haar in kennis te stel van kinders in hul kommando's aan wie die geskenke gestuur kan word. **Hulle moet dan ook die ouderdomme meld.** Haar adres is Mildal, Tulleyallenweg, Rondebosch, Kaapstad.

Ons is ook versoek om mee te deel dat die Vriendskapsentrum in die Groote Kerkgebou tydens die vakansie oop sal bly en dat alle persone van die platteland hartelik welkom is.


*PAS VERSKYN!*

### DIE BITTER KELK
*deur Mynhardt Fourie*
**Prys 6/- posvry**

'n Man ontdek dat sy vrou 'n minnaar het, en dan begin sy soektog na die persoon met wie sy hom bedrieg het: En in die soektog gebeur vreemde, aangrypende dinge in sy siel: Hy word 'n nuwe mens, en uit die wedergeboorte tree hy te voorskyn met 'n vreemde vrede in sy hart, en 'n kalmte wat bo alle hartstog verhewe is: Maar hierdie vrede bereik hy eers nadat sy siel deur 'n nag van angs en onheil gegaan het: Altyd is die vraag by hom: „Wie is die man wat sy liefhet?” En een oggend ontdek hy die identiteit van sy vrou se minnaar: U sal die verhaal van sy soektog stap vir stap volg, met ingehoue asem, totdat u van aangesig tot aangesig staan voor die onbekende man, en dan sal u die mistieke skoonheid en waarheid van hierdie boek begryp — U sal die bitter kelk van Brand se smaad en lyding saam met hom ledig, só intens, só oortuigend is hierdie boek geskryf; en aan die slot sal u saam met hom die hoë vrede, die oorwinning van die siel voel, oor alle hartstogte en alle smaad.

### VAN AANGESIG TOT AANGESIG
*deur C. M. van den Heever*
**Prys 8/6 posvry**

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe. Dis Van den Heever se grootste menseskepping — 'n Grootste Roman diep geput uit die polssende lewe.

'n Roman van C. M. v. d. Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Bestel van —*

## DIE KAPPIE BOEKHANDEL

Telefoon 33/6797 — DE VILLIERSSTRAAT 15 — Posbus 845
Johannesburg.



## Schoemanello-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

## JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142. OUDTSHOORN.

## AANBOD VAN £100

**Dit blyk dat daar 'n misverstand ontstaan het betreffende die aanbod van £100 deur genl. Jurgens Schoeman. Die posisie is dat genl. Schoeman beloof het om £100 te skenk vir die afhanklikes van geïnterneerdes mits 100 ander persone of groepe van persone elk £20 tot die fonds bydra. Hierdie skenkings staan dus nie in verband met die gewone bydrae wat deur Ossewabrandwag - kanale ingevorder word nie.**

**Ons wil 'n beroep op ons welgestelde Afrikaners doen om hierdie aanbod te help verwesenlik. Ons volk verkeer in die vuurproef, en op elke volksgenoot rus die plig om skouer aan die wiel te sit.**

**Die mans- en vrouekommando's van Stellenbosch het £111-8-2 in 'n spesiale poging met die oog op Kersfees tot die fonds van genl. Schoeman bygedra.**


AFRIKANERS

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

G. C. DU PLESSIS EN KIE.,
MOREMARK, JOHANNESBURG.

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.
Telegrafiese Adres: „Duplesko."
Bankiers: Volkskas, Johannesburg.



VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

Die Volk se Bank.


## WERK LIEWER MET SMUTS SAAM SÊ H.N.P.-LEIERS

Op 'n vergadering te Tiervlei voorverlede Saterdag het mnr. F. C. Erasmus, hoofsekretaris van die H.N.P., verklaar dat samewerking tussen sy party en die Ossewabrandwag ondenkbaar geword het. Hy het na die verskille verwys en gesê **„dat dit die H.N.P. nie kwalik geneem kan word as sy geesdrif vir samewerking met die O.B., hoeseer volkseenheid ook al begeer word, tot vriespunt gedaal het nie."**

Volgens Die Vaderland berig het mnr. J. G. Strydom, mede-leier van die H.N.P. in Transvaal, in die Johannesburgse stadsaal op dieselfde dag verklaar **dat daar eerder samewerking met veldm. Smuts kan wees „indien hy hom afkeer van sy Britse imperialisme en hom op 'n Afrikaanse standpunt stel"! Ook genl. Kemp het so 'n beleid onderskryf,** aldus die blad.


*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*

Dames-Hoede

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

Steyns

PAROW

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.



*HET U DIT?*

O.B.-SKRYFBLOK (ligblou) met bypassende koeverte
2/6 posvry.

*Brosjure:—*

(1) Die lewensbeskrywing van die Kommandant-Generaal met drie toesprake.
1/3 posvry.

(2) Knopie met die Kop van die K.G. daarop.
1/6 posvry.

(3) O.B.-Vlag-Knopie.
1/6 posvry.

(4) Rangbande. 1/3 elk.

Bestel deur

*O.B.-HOOFKWARTIER,*
Groote Kerkgebou 916, Kaapstad.



VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD —
U BESTE MAAT — OP SY POS
Patriot TABAK
VOORBRAND-PRODUK



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.



Somers
-PAKKE



HIERDIE kersvakansie sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige kersgeskenk selgs 10/6 elk.

Uniewinkels
(Ko-operatief) Beperk
Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.
POSBUS 909 - - - - - PRETORIA.



W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*


Ondersteun ons Adverteerders

DIE O.B., WOENSDAG, 9 DES. 1942.

# Die Partypolitiek En Die Vrou

In 'n hoofartikel wat in kinderagtigheid slegs deur sy liberalistiese uitkyk oorskitter word, doen Die Burger 'n stemvee-aanval op die Ossewabrandwag se gesinsbeleid, en wel omdat die Ossewabrandwag die vrou die middelpunt van die gesinslewe wil maak en haar sodoende verhef tot die hart van ons volkslewe. Die blad werk dit so uit dat die vrou nou uit die openbaar sal verdwyn, dat sy in onkunde gehou sal word en les bes dat sy uiteindelik die slagoffer van veelwywery sal word — dus so 'n soort harem-stelsel vir die Afrikanervrou!

Hoewel ons besef dat dit die blad hier gaan om die werwing van 'n moontlike tiental vrouestemme, en om daardie rede tot die partypolitieke geskarrel behoort — 'n terrein wat die Ossewabrandwag met trots vermy — kan ons ook nie blind wees vir die party se liberalistiese beginsels waarmee hy hoop om die volk te vergiftig nie. Vandaar dat ons antwoord.

Laat ons eers die Ossewabrandwag se beleid insake die vrou aanhaal, dit lui woordelik in ons Gesinsbeleid: ,,Deur **volksvoorligting** moet die opvatting dat die moederskap die hoogste roeping van die vrou is, in ere herstel word. Daarby moet die vrou vir die behartiging van haar moederlike taak meer daadwerklik vereer word deur haar volk . . . . Die taak van die man is geleë in die behartiging van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou in die gesinshuishouding geleë is — **sy is die spil waarom die gesinsvorming en die gesinsopvoeding draai.** Die vrou se aandeel aan die breëre volkslewe moet altyd as 'n **bykomstige** taak beskou word en mag haar nooit sodanig in beslag neem dat die vervulling van haar hoogste roeping daardeur in die wiele gery word nie. Uit bostaande volg dit dat die vrou uit die aard van die saak nooit haar hoogste roeping in die beroepsarbeid kan sien nie. Die beoefening daarvan is vir haar iets **tydeliks** en so behoort dit ook te wees. Hierdie standpunt bring egter ook mee **dat die vrou aan die beroepsarbeid vaarwel moet sê wanneer sy in die huwelik tree,** want dan lê daar vir haar 'n ander hoër taak voor."

Uit hierdie aanhaling blyk dit duidelik dat die Ossewabrandwag nie voornemens is om al wat rok dra van die openbare lewe te verdryf na 'n harem nie, soos Die Burger sy stemvee probeer wysmaak. Daar is uitdruklik sprake van die **getroude** vrou met haar besondere roeping. Vanselfsprekend sal die Ossewabrandwag alles in sy vermoë doen om die aantal getroude vroue te laat toeneem, by voorbeeld deur sy stelsel van huweliksvoorskotte, vrye kraamverpleging, kindertoelae ens. Die getroude lewe moet vir die vrou so aantreklik gemaak word dat sy begerig sal wees om die eervolle roeping van moeder te gaan vervul.

**Skep Behoeftes.**

Nou weet ons dat die liberalisme en kapitalisme die getroude vrou die vryheid wil gee om haar huis te verwaarloos, haar kinders aan die genade van bediendes oor te laat, dis te sê indien daar ooit kinders is, en om vir haar daaglikse brood te gaan werk teen 'n karige loon. **Nie omdat die vrou graag WIL gaan werk nie, want watter vrou begeer nie haar eie huis nie? maar omdat sy MOET gaan werk weens hoë huishuur, hoë lewenskoste en lae besoldiging van haar man. Die partypolitiek hou van so 'n toestand, want dit bring groter nood, en hoe groter die nood hoe meer behoeftes is daar om uitgebuit te word in tye van verkiesings en hoe meer stemme met beloftes gekoop kan word. Die vrou moet ,,vry" wees om gekwel te word deur stoflike behoeftes en geestelike sorge. Daarom is die partypolitiek gekant teen 'n volksbeweging wat die vrou wil red uit hierdie soort ,,vryheid" en toestande wil skep waardeur sy ,,meer daadwerklik vereer word deur haar volk", en verhef word tot die ,,spil waarom die gesinslewe draai".**

Omdat die partypolitiek meer waarde heg aan 'n stembrief as aan 'n kind, moet die vrou maar kinderloos bly en as die volk met ondergang bedreig word deur 'n daling in sy geboortesyfer, neem die partypolitiek sy toevlug nie tot die natuurlike aanwas nie, maar tot die kunsmatige immigrasie van vreemdelinge uit vreemde lande, want hy ken geen bloed nie, maar net koppe. Die kleurling-aanwas moet beveg word met immigrasie!

Omdat hy meer waarde heg aan 'n stembrief as aan 'n moeder, moet die vrou in die ekonomiese worstelstroom gestoot word waar sy met die politieke vanghoek na die stembus getrek kan word met haar nood en angste as die aas. En as dit grootskaalse werkloosheid en ander ekonomiese ontwrigting meebring, word die toevlug geneem nie tot die natuurlike organiese verdeling van arbeid en roeping nie, maar tot die kunsmatige stelsel van subsidie en pensioene — meer behoeftes en meer node as aas aan die politieke vanglyn.

**Die Toon en die Hart.**

Want die partypolitiek het geen begrip van die organiese samestelling van 'n volk nie. Hy sien net gelyksoortige enkelinge by 'n stembus waar die stem van die staatsman net so swaar weeg as die stem van die hotnot. **Hulle het geen besef dat 'n oog geskape is vir die doel om te kyk, die oor om te hoor, die hart om bloed te pomp en die verstand om te dink nie. Want hulle sien geen lewende volk nie, hulle sien net stemvee bestaande uit losstaande enkelinge. Vir hulle kan die hart dus maar in die harsingpan setel en die toon in die kies en die verstand in die maag. Daarom kan hulle nie insien dat die vrou geskape is vir 'n besondere lewensroeping wat verskillend is van dié van die man nie, nie minderwaardig nie, maar andersoortig, want die hart is nie minder werd as die verstand nie; hy doen net ander werk om die liggaam te laat lewe.**

Maar omdat die partypolitiek geen oog vir die organiese in die lewe het nie, dog net stembriefies sien, **daarom het hy vir die vrou geen ander taak as dat sy moet wees òf stemvee met 'n legio knaende stoflike behoeftes en geestelike node wat deur die partykramers uitgebuit kan word op die stemveemark, òf dat sy die gesluierde harembewoonster van 'n veelwywer moet wees.**

Dit is die keuse van die vrou in die partypolitiek.

**In die Ossewabrandwag daarenteen word haar 'n roeping, 'n positiewe taak in die proses van volksbou en volksorg toevertrou. By ons is die vrou 'n belangrike, ja 'n onmisbare skakel in die volkslewe, want die Ossewabrandwag sien 'n volk as 'n lewende geheel wat groei met sy eie bloed, en nie as 'n versameling enkelinge wat aangevul kan word met uitlanders oor see nie.**

**Watter Status?**

Maar laat ons neerdaal tot die praktyk. **Watter status het die partypolitiek aan die vrou in die verlede gegee behalwe dat sy vir die stemvee-kraal gebrandmerk was? Sy kon in belang van die party gekollekteer het, ja, en by kongresgeleenthede kon sy verversings agter in die kombuis verskaf. Dit is eers in die jongste tyd in na-aping van die Ossewabrandwag dat die vrou darem ook nog verhef is tot die status van ere-wag!** Sonder die Ossewabrandwag se voorbeeld sou sy maar stemvee, kollektant en verversingverskaffer gebly het.

**Dit is die Ossewabrandwag wat die vrou in 'n tyd van volksnood in 'n kommando-organisasie saamgetrek het om haar volk te help dien. Dit is die Ossewabrandwag wat die vrou in laers saamtrek om hulle voor te lig en hul uitkyk te verbreed. Dit is die Ossewabrandwag wat die vrou georganiseerd in die posisie stel om tot dieselfde hoogtes van volksdiens te styg as wat deur die vrou en moeder van die Boereverlede bereik is. Dit is die Ossewabrandwag wat die Boerevrou in staat stel om nogmaals geskiedenis te maak soos haar voorgeslag dit gedoen het. Deur die stelsel van adjunkrade is die vrou daadwerklik by die Grootraad ingeskakel en dus in staat om 'n aandeel te neem in haar volk se ontwikkeling op haar eie terrein.**

En waarom kan die Ossewabrandwag dit doen en doen hy dit ook? **Omdat hy glo aan die natuurlike en Goddelike beginsel van onderskeid en roeping. Elkeen op sy plek, dan is almal gelukkig, dit is ons geloof en ons strewe. 'n Mens kan alleen gelukkig wees as jy is waar jy hoort, en doen waarvoor jy geroep is.**

Maar die partypolitiek glo nie daaraan dat elkeen op sy plek moet wees nie, want as almal gelukkig is, is daar niks om oor rusie te maak en niks om mee propaganda te maak nie. **Volksvraagstukke en volksbehoeftes is vir die partypolitiek die loopgrawe van waaruit hulle mekaar beoorlog. 'n Volk sonder vraagstukke waarin almal gelukkig is, is vir die partypolitiek 'n troostelose woestyngebied sonder gevegterrein, sonder ammunisie. Die partypolitiek word gevoed uit die behoeftes en sorge van die enkeling en van die volk, daarom is dit vir hulle beter as die vrou uit haar plek en dus ongelukkig is. Daarom kan sy slegs òf stemvee wees òf harembewoonster, maar net nie vrou en moeder nie!**

# Oproep tot Viering van Vryheidsdag.

Net soos verlede jaar het die Grootraad die reëlings i.v.m. die herdenking van vryheidsdag, 27 Februarie, in die hande van genl. Jerling, A.K.G. van die Transvaal, en die ondergetekende gelaat. In hooftrekke sal die fees op dieselfde wyse as verlede jaar gevier word. Nadere besonderhede sal later aangekondig word. Intussen wens ons egter alle eenhede op te roep om sake i.v.m. hul plaaslike viering in die haak te bring.

Twee geskiedkundige dae, 8 Augustus 1938 en 27 Februarie 1881 staan in so noue verband, respektiewelik, met die geboorte en die strewe van die Ossewabrandwag, dat die Grootraad besluit het dat die twee dae tot in lengte van dae deur ons volk herdenk sal word. Wat 27 Februarie betref, op die dag het ons volk na die wapen gegryp, die vreemde heerser op Majubaberg verslaan, en so sy vryheid verwerf.

**Daardie vryheid is ons weer ontneem, maar Majuba roep ons nog altyd toe: ,,Wat op 27 Februarie 1881 gebeur het, KAN en SAL hom weer herhaal as ons volk net wil!" En in die vaste vertroue dat daar vir ons volk 'n Tweede Majuba wag, sal die O.B., hunkerende na daardie dag, intussen steeds by voorbaat die dag herdenk, totdat hy aanbreek. Hy sal steeds besieling put uit die Eerste Majuba om sy geloof te versterk ter verwesenliking van die Tweede Majuba.**

Hy wat nie glo nie, sal nie veg nie; hy wat nie veg nie, sal nie oorwin nie. Die O.B. glo in ons vryheid, daarom sal hy die stryd nooit gewonne gee nie totdat sy ideaal verwesenlik is en daarom roep hy elke Brandwag op om op Majuba-dag die vaandels te laat wapper as teken van sy geloof en om by die vryheidsvuur opnuut 'n gelofte te doen om te volhard tot die einde toe.

Majuba-dag is vryheidsdag!

(Hoofgenl.) F. D. du T. van ZYL.

## DR. MALAN ONDER KRUISVERHOOR

*Vervolg van bls. 5.*

**leurgesteld is in 'n Duitse oorwinning wat die republiek aan iemand anders as u party gaan gee?**

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): ,,Ek moet u sê dat die moontlikheid daar is dat in die toekoms nog verdere stappe teen die Van Rensburg-party gedoen sal moet word."

U koester dus die hoop dat u die Ossewabrandwag so sal verswak dat Duitsland verplig sal wees om die republiek aan u party te gee? En sê nou maar Duitsland weier in so 'n geval om die republiek aan die Afrikanervolk te gee?

DR. MALAN (Die Burger 28 Aug. 1941): ,,Ek waag dit. Kom ek om, so kom ek om."

# Dr. D. F. Malan Onder Kruisverhoor In Sy Eie Argief

## Beleidlose Opportunisme Aan Die Kaak Gestel

**Die koersloosheid van dr. Malan wat die een dag sy hoop op 'n Duitse oorwinning bou en die volgende dag weer net op die Britse stembus, die een dag die demokrasie verwerp as iets vreemds en die volgende dag dit aanvaar as 'n erfenis van die verlede, al na gelang dit in belang van sy party is, word pragtig geïllustreer in onderstaande stuk wat sy standpunt saamvat soos hy dit in die afgelope agttien maande in sy toesprake gegee het. Toe dr. Malan gehoop het dat Duitsland met sy party sou onderhandel oor 'n republiek, het hy openlik van Duitsland die republiek gevra en toe was hy teen die demokrasie, maar toe die Duitse radio kort daarna duidelik te kenne gee dat Duitsland geen waardering het vir opportunistiese politici nie, maar voorkeur gee aan 'n volksbeweging, het dr. Malan skielik omgespring en vandag verkondig hy net een uitredding, en dit is die demokratiese stembus. Toe dit vir hom gelyk het of hy die stembus nie nodig sou hê nie, het hy die Engelse as 'n volksdeel verwerp, maar nou dat hy weer die stembus voorhou, beloof hy gelyke regte aan hulle.**

**Ons stel dit in die vorm van 'n onderhoud. Die antwoorde op die vrae is woordeliks geneem uit dr. Malan se toesprake soos in Die Burger gepubliseer, en ons noem die datum van die koerant sodat elkeen homself van die juistheid daarvan kan gaan oortuig.**

Dokter, ek neem aan dat u standpunt ook is dat ons 'n verkiesing alleen dan kan wen wanneer ons volk verenigd is, want met 'n verdeelde volk kan ons nooit meer stemme by 'n stembus uitbring as die verenigde Britse, Joodse en kleurlingkombinasie nie. Wat is dan volgens u mening die oorsaak van ons verdeeldheid?

DR. MALAN (Die Burger 27 Julie 1942): „Wat hou ons uitmekaar? Die Britse konneksie."

Hoe stel u voor moet ons dan bymekaar kom?

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1941): „Alleen deur die verbreking van die Britse konneksie sal ons volkseenheid in ons land opbou."

Hoe kan ons die Britse konneksie verbreek?

DR. MALAN (Die Burber 17 Sept. 1941): „Die Britse konneksie moet weg. In die plek daarvan moet ons 'n republiek hê."

Maar hoe stel u voor kan ons die republiek kry?

DR. MALAN (Die Burger 25 Julie 1942): „Die verloop van die oorlog hou hierdie belofte in dat die Britse konneksie verbreek sal word en ons ons vrye onafhanklike republiek sal verkry."

Maar wat van 'n eleksie? Is dit volstrek onmoontlik om 'n meerderheid by 'n eleksie te behaal?

DR. MALAN (27 Julie 1942): **„By 'n eleksie word die deurslag gegee deur die Britse konneksie."**

Ek sien. U bedoel 'n verkiesing is onderhewig aan die Britse konneksie en jy kan dus nie die Britse konneksie met die Britse konneksie verwyder nie. Maar kan u my meer in besonderhede sê op hoe 'n wyse die deurslag by 'n algemene verkiesing deur die Britse konneksie gegee sal word?

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): **„Dit sal 'n kakie-eleksie wees, met kieserslyste in Kaapland spesiaal vol gepak met die name van duisende anders ongekwalifiseerde kleurlingsoldate, en bowendien nog sal dit gevoer word onder die skrikbewind van noodregulasies, van interneringskampe, van tronke en van kakieridders."**

Maar as u die moontlikheid van die stembus so donker stel, hoe op aarde kan ons dan ooit vry word?

DR. MALAN (Die Burger 18 Julie 1941): „Die vraag word gestel hoe ons die republiek moet verkry. Ons kan aanneem dat as Duitsland die oorlog wen, hy die Britse Ryk sal wil verswak. Dit sal hy doen deur daarop aan te dring dat die volke binne die Britse Ryk wat vry wil wees, van die Britse Ryk losgemaak word. **Op hierdie punt stem die Duitse begeerte en ons strewe ooreen.** Tweedens kan ons aanneem dat Duitsland in Suid-Afrika sal wil onderhandel met 'n regering wat hom vriendskaplik gesind is, dat hy graag so 'n regering in die land sal wil sien. Daar is maar net een so 'n regering — die Herenigde Nasionale Party. Dit is ons wat sedert die uitbreek van die oorlog al geprotesteer het teen die oorlog teen Duitsland en ons uittrede daaruit geëis het. Dit is ons hoop en vertroue in hierdie krisisuur van ons volksgeskiedenis."

**U bou dus heeltemal op 'n Duitse oorwinning.** Maar is u oortuig dat Duitsland die oorlog sal wen?

DR. MALAN (Die Burger 18 Julie 1941): „Daar is vandag geen aanduiding dat Engeland besig is om die oorlog te wen nie. Inteendeel is die aanduidings daar dat Engeland nie besig is om die oorlog te verloor nie, **maar dat hy hom klaar verloor het."**

U is nou so seker van die feit dat Duitsland die oorlog gaan wen. Veronderstel egter vir 'n oomblik dat Engeland die oorlog gaan wen ten spyte van u voorspellings dat hy klaar verloor het. Sal dit dan vir ons moontlik wees om by 'n stembus wat deur die Britse konneksie beïnvloed word ons vryheid te kry?

DR. MALAN (Die Burger 16 Sept. 1942): **„Die Britse konneksie kan ons daardie vryheid nie gee nie. Ons het hom beproef. Vir meer as 30 jaar het ons hom die beste kans gegee. Hy het hopeloos gefaal."**

Maar sal Duitsland ons ons vryheid gee as hy wen?

DR. MALAN (Die Burger 27 Julie 1942): „Onlangs het ek op 'n vergadering in Johannesburg 'n sekere wens uitgespreek, naamlik dat Duitsland op die een of ander manier aan Suid-Afrika meer sekerheid moet gee met betrekking tot sy bedoelings met Suid-Afrika. **Op my vraag het daar 'n antwoord gekom deur middel van die Duitse radio.** Die antwoord is dat Duitsland die vryheidstryd van die Afrikanervolk waardeer. Duitsland het nog nooit die bedoeling gehad en sal dit nooit hê om Suid-Afrika op die een of ander manier te beheer nie, aldus die antwoord oor die Duitse radio. Die Duitse opvatting is alleen dat die volk van Suid-Afrika die reg het om self sy staatsvorm te kies. **'n Versekering van dié aard word deur ons waardeer en voorlopig is ek bereid — en ek meen die hele Afrikanerdom saam met my — om dit te aanvaar."**

Indien Duitsland ons nou ons republiek gaan gee, en ons vry laat om ons eie staatsvorm te kies, sal u, as u party die republiek ontvang, weer 'n demokratiese regeringsvorm vir Suid-Afrika kies?

DR. MALAN (Die Burger 25 Maart 1941): **„Demokrasie soos ons hom ken, werk nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbrokkeling. Wat dit betref, het ek geen beswaar dat dit weggeveeg word nie.** Dit berus op persoonlike en groepe-belange wat teen mekaar bots. 'n Wedloop ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseerd is. **Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering."**

Ek moet dus aanneem dat u ten gunste van 'n volkstaat of gesagstaat is, d.w.s. 'n staat wat die belange van die volk eerste stel en volmag het om die belange-groepe wat strydig is met die volksbelange op hul plek te sit?

DR. MALAN (Die Burger 25 Maart 1941): „As dit nou geoorloof is vir 'n regering om volmag te kry, is dit seker net so nodig vir die eerste republikeinse regering om in sy kinderjare volmag te kry om alles te doen wat nodig is om die republiek op 'n vaste grondslag te plaas. **Wanneer die republiek gestig is, kan jy alleen seggenskap gee aan mense wat hulle met die volk vereenselwig en wat genoeg tyd gehad het om dit te doen."**

As u praat van volk, bedoel u daarmee ook die Engelssprekendes in ons land?

DR. MALAN (Die Burger 24 Sept. 1941): **„Hier is maar een volk, die nasionaalgesinde Afrikanerdom. Die ander is nie 'n volk nie, hulle is deel van 'n volk oor see."**

Ek is baie bly dat u so duidelik op my vrae geantwoord het; maar is u bewus dat dit ooreenstem met die beleid van die Ossewabrandwag? En is u bewus dat die Duitse radio te kenne gegee het dat Duitsland nie groot liefde vir die partypolitici koester nie? Dink u nie dat indien Duitsland die oorlog wen hy liewer met die Ossewabrandwag sal onderhandel as met u party nie, **veral daar u party hom in die jongste tyd dikwels baie skerp teen Duitsland en die nasionaal-sosialisme uitgelaat het?**

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): „Ons is geen karakterlose en koerslose massa wat met die hoed in die hand na ander nasies moet gaan om te vra wat ons self moet wees nie.... Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty is die erkende en offisiële opposisie teen die Smutsbewind."

Ja Dokter, sover dit die Engelse betref, maar miskien nie sover dit Duitsland betref nie.

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): „Die Afrikaner wat op die ashoop wil gaan sit omdat hy al sy hoop gesit het op 'n Duitse oorwinning en teleurgesteld geraak het, is 'n ontroue lafaard en verraaier."

Wil u nou daarmee te kenne gee dat u u hoop nie meer op 'n Duitse oorwinning vestig nie **en wel omdat Duitsland u party blykbaar verwerp?**

DR. MALAN (Die Burger 21 Nov. 1942): „Daar is 'n wending in die oorlog as gevolg van wat in Noord-Afrika plaasvind."

U vestig dus nou weer u hoop op 'n Britse oorwinning? En watter waarborg het u party dat hy in so 'n geval aan die bewind sal kom?

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): **„Nasionaal- en republikeinsgesinde Suid-Afrika het geen twis met Engeland of Amerika nie."**

**Maar dit sal mos beteken dat die Britse konneksie gehandhaaf sal word en u het reeds gesê dat die Britse konneksie ons ons vryheid nie kan bring nie, want by 'n eleksie gee die Britse konneksie die deurslag? Hoe gaan u dan u republiek kry?**

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): **„Die weg om die republiek langs die weg van die stembus te verkry, is uiteindelik seker."**

U het nie meer die steun van die Ossewabrandwag nie en ook nie van die Engelssprekendes nie, want u het so ewe onomwonde verklaar dat die Engelssprekendes nie deel van die volk is nie, en dus nie in die Republiek deel aan die regering sal hê nie. Hoe kan die stembus nou so skielik 'n sekere middel wees om die vryheid te bring?

DR. MALAN (Die Burger 17 Sept. 1942): „Daardie vryheid wil ons nie net vir een deel nie, maar vir heel Suid-Afrika. **Wat ons vir ons self eis, is ons ook bereid om aan die Engelssprekendes te gun."**

Maar dink u die Engelse sal u glo as u die een dag sê hulle is nie deel van die volk nie en die ander dag weer dat hulle wel is? Sal hulle in so 'n geval vir u party by die stembus stem?

DR. MALAN (Die Burger 21 Nov. 1942): **„Dit is nie in die eerste plaas die vraag of ons die verkiesing wen of nie wen nie.** Die vraag is net of ons as nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikaners Afrikaners bly en ons plig doen."

**U hoop dus nie meer op 'n oorwinning, en dus ook nie op 'n republiek nie alleen omdat u te-**

*Vervolg op bls. 4 kol. 3.*

## Geklassifiseerde Advertensies

### GEBOORTE

SMIT. — Aan Martinus en Babes, Vlakplaat, Burgersdorp, 'n fris seun op Sondag 22 Nov. 1942. Moeder en seun albei wel.

### VERLOWING

DU PLESSIS—BARNARD: Hiermee wens ons, Rina, oudste dogter van mnr. en mev. I. J. du Plessis, Noorder Paarl, en Ben Barnard, seun van mnr. en mev. T. Roelofse, George, aan vriende(inne) bekend te maak dat ons op 21 November verloof geraak het.

### HUWELIK

OOSTHUYSE—PIETERSE: Hiermee wens ons, Johan van Warden en Emmarentia van Marquard aan familie en vriende bekend te maak dat ons (D.V.) trou op Saterdag 12 Desember, om 11 v.m., in die N.G. Kerk te Marquard. Gelukwense en telegramme: Kerksaal, Marquard.

BRENNER — GERICKE: Hiermee word aan al ons vriende(inne) bekend gemaak dat ons, Greta Brenner en Burger Gericke in die huwelik bevestig word te Hermanus Strand, op die 16de Desember 1942. Adres: P.K. Mosselrivier.

### IN MEMORIAM

BASSON. — Johannes Basson, ontslape 10 Desember 1938. Die gemis is groot.
Sy verlangende eggenote Chris en kinders, Johan en Jennie.
Noordwal,
Stellenbosch.

CALITZ. — Ons dink terug aan 3 Desember 1941, toe ons broer Johannes na sy ewige tuiste verhuis het. Hy was getrou aan sy God, Volk en Vaderland.
Marthinus en Juliana.
Vlakteplaats.

### TE KOOP

LUSERN. — Boere koop u Lusern regstreeks van die Boer! Billike pryse op aanvraag. — J. H. Stienie, Bus 46, Kirkwood, K.P.

### TE KOOP GEVRA

BAALDRAAD. — Enige hoeveelheid nuwe- of gebruikte baaldraad. Stuur prys en hoeveelheid aan: T. H. Stienie, Posbus 46, Kirkwood, K.P.

### TE KOOP

WYN. — 5 gelling Port 30/-, Anker 43/6 . 5 gelling Muskadel Jeripigo 30/-, Anker 43/6. 5 gelling soet Muskadel 27/6, Anker 38/6. 5 gelling Worcester Hock of soet Sjerrie 22/6, Anker 32/6. Gelewer Bonnievale stasie. Terme:— Kontant of K.B.A. Beste kwaliteit gewaarborg. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, P.K. Bonnievale.

### TE KOOP

PLANTJIES, gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6-10-0. Amerikaanse Boomangellere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6, 15/- en £7. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. John Smit, Bus 80, Tzaneen.

AARTAPPELS. — Mooi vars tafelaartappels. No. 1, 17/6; No. 2, 16/- per 153 pond. Gelewer Serpentine-sylyn — K.M.B. P. G. J. Barnard, Serpentine-sylyn, P.K. Wilderness.

### BETREKKING GEVRA

WAKKER jong Afrikaner (21) met kennis van boerdery en 5 jaar praktiese ondervinding van „Caterpillar" en ander Trekkers, soek 'n betrekking as Trekker-drywer en algemene reparasies op 'n Afrikaner plaas. Skrywe aan: J. P. Smith, Smidswinkel, P.K. Amalfi.

### KERSWENSE-TARIEF

BEPERKTE ruimte sal in ons uitgawe van 18 Desember verkrybaar wees vir KERSWENSE. Tarief 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam. Minimum 3/- per plasing. Kopieë moet die O.B. bereik nie later as Maandag, 14 Desember nie.

116 Takke 44,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN

**DE KOCKS se GARAGE**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

## DINGAANSFEES-PROGRAM

## 16de Desember 1942

## Te OPRAAP

| | | |
|---|---|---|
| 10 | vm. | Opening deur die Voorsitter, Mnr. Nico Campher. |
| 10.15 | „ | Saamsing Psalm 89 vers 7. |
| 10.30 | „ | Oggenddiens deur Ds. S. J. Stander van Hartebeestfontein. |
| 11.30 | „ | Pouse. |
| 12 | „ | Geskiedkundige Toespraak deur Mnr. Du Toit, Hoof President-Skool, Klerksdorp. |
| 12.50 | nm. | Voordrag deur Mej. Anna Wilkens. |
| 1 | „ | Kiesing van Feeskomitee vir 1943. |
| 1.30 | „ | Verdaging. |
| 2.30 | „ | Saamsing Psalm 25: 2 en 3. |
| 2.40 | „ | Toespraak deur Mnr. H. M. P. Visser, Hoof Opraap-Skool. |
| 3.30 | „ | Voordrag Mnr. Johan Bekker. |
| 3.40 | „ | Sing van „Die Stem". |
| 4 | „ | Middagdiens deur Ds. S. J. Stander. |
| 5 | „ | Sluiting deur die Voorsitter: Saamsing. |

NICO CAMPHER, Voorsitter
T. F. BREEDT, Sekretaris.

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

Foon 62 — Posbus 53

**HEILBRON**

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

**DIE MODERNEWINKEL**

### O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang....
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU!!

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 4,744 | 18 | 8 |
| Lyste 605—607 Manne-Kommando Bellville | 13 | 5 | 0 |
| Vriendin Rondebosch | 3 | 0 | 0 |
| Mev. Nigrini P.K. Bulwater | 1 | 0 | 0 |
| Vriendekring P.K. Vergenoegd | | 10 | 0 |
| Mnr. C. Laubsher Kaapstad | | 10 | 0 |
| Lys 566 Tiervlei | 1 | 15 | 6 |
| Vriendskapsentrum | 5 | 0 | 0 |
| Marchand Vroue-Kommando | 2 | 9 | 0 |
| Hester Bergh, Augbrakies | | 11 | 0 |
| Veldkt. Lamprechts, Aurora | 1 | 0 | 0 |
| Mev. Lamprecht, Aurora | 1 | 0 | 0 |
| Ceres Vroue-Kommando | 10 | 4 | 4 |
| Manne- en Vroue-Kommando Steynsburg | 4 | 5 | 9 |
| Haarlem-Uniondale Kommando | 1 | 15 | 0 |
| Mnr. T. v. d. Merwe, Bonnievale | 5 | 0 | 0 |
| Mnr. Baas van Zyl, Bonnievale | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. J. van Zyl, Bonnievale | | 10 | 0 |
| Mnr. M. J. Volskenk, Touwsrivier | 5 | 0 | 0 |
| Offergeld mnr. en mev. Krynauw Beaufort-Wes | 1 | 0 | 0 |
| Woekergeld Veldkornetskap Kareedouw | 2 | 0 | 0 |
| Loxton Kommando | 10 | 4 | 10 |
| Lys 632 Vroue-Kommando Bellville | 3 | 2 | 0 |
| Totaal | £4,819 | 1 | 1 |

### TRANSVAAL TOT 21 NOVEMBER.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 9,863 | 3 | 11 |
| Kwitansie No. 1323 Kommando 5 | 203 | 18 | 4 |
| „ „ 1324 Bydrae | 5 | 0 | 0 |
| „ „ 1325 Bydrae | | 5 | 6 |
| „ „ 1326 Bydrae | | 3 | 0 |
| „ „ 1327 Kommando 3C5 | 6 | 10 | 0 |
| „ „ 1328 Kommando 9G1 | 13 | 3 | 0 |
| „ „ 1329 Kommando 9B1 | 5 | 13 | 0 |
| „ „ 1330 Bydrae | 4 | 0 | 0 |
| „ „ 1331 Kommando 2B4 | 1 | 10 | 0 |
| „ „ 1332 Kommando 3A1 | 7 | 7 | 6 |
| „ „ 1333 Bydraes | 50 | 1 | 0 |
| „ „ 1334 Bydraes | 5 | 0 | 0 |
| „ „ 1335 Mnr. Nico Pelser | 1 | 0 | 0 |
| „ „ 1336 Bydraes | 5 | 5 | 0 |
| „ „ 1337 Bydraes | | 10 | 6 |
| „ „ 1338 Mnr. J. C. Fick | 3 | 0 | 0 |
| „ „ 1339 Kommando 1A4 | 11 | 16 | 0 |
| „ „ 1340 Kommando 3B4 | 2 | 17 | 0 |
| „ „ 1342 Kommando 9A8 | 1 | 9 | 3 |
| „ „ 1343 Kommando 4A | 20 | 0 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4A1 | 27 | 10 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4A2 | 15 | 7 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4A3 | 24 | 12 | 6 |
| „ „ 1343 Kommando 4A4 | 37 | 1 | 3 |
| „ „ 1343 Kommando 4A5 | 1 | 7 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4A6 | 3 | 15 | 6 |
| „ „ 1343 Kommando 4B2 | 13 | 0 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4B3 | 23 | 1 | 3 |
| „ „ 1343 Kommando 4C1 | 2 | 10 | 6 |
| „ „ 1343 Kommando 4C2 | 14 | 11 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4C3 | 13 | 5 | 3 |
| „ „ 1343 Kommando 4C5 | 8 | 0 | 0 |
| „ „ 1343 Kommando 4C6 | 21 | 8 | 6 |
| „ „ 1344 Kommando 1 | 5 | 5 | 0 |
| Totaal | £10,422 | 7 | 9 |

### BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | £33 | 10 | 0 |
| Vriend Cradock | 5 | 0 | 0 |
| Vriend Rondebosch | 50 | 0 | 0 |
| Vriend Oudtshoorn | 5 | 0 | 0 |
| Mev. S. J. Krynauw, Beaufort-Wes | 10 | 0 | 0 |
| Totaal | £103 | 10 | 0 |

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

●

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

BESTE HEERSENDE PRYSE.

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

### O.B. KERSFEESKAARTE!!

'n Keuse van vier pragtige kunswerkies met passende versies.

**Prys 6/- per dosyn (posvry)**

insluitend koeverte.

Verkrybaar van:—

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedurk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.